16 Oktober 2022

PE HOOGLAND

Geloof deur liefde tot dade

1972 - 2022

041 367 1485 | info@pehoogland.co.za | www.pehoogland.co.za

Hart-skrif

Sondag 16 Oktober 2022
@Hoogland, 09:00

Hoogland verwelkom graag vanoggend spesiaal alle Matrieks

Hoogland bid spesiaal vir haar Matrikulante wat eersdaags met hul finale eksamen begin. Ons bid veral vir hulle voorbereiding, toekomsplanne en al die besluite wat geneem moet word na hierdie belangrike eksamen.

Neem 'n Matrikulant aan ...

U word aangemoedig om asseblief 'n ***Bid vir 'n Matrikulant*** - kaartjie in die voorportaal te neem. Bid vir hulle deur die eksamen! Neem hom/haar "aan" en maak gerus kontak en verseker hulle van die Here se genade en nabyheid.

Program vir die dag

09:00 Oggenddiens : Ds Pieter Nel

Lofkabouters tydens die erediens

10:00 Geloofsvormingsgroepe in onderskeie lokale

17:00 Buffelsfonteindiens : Nagmaal

Deurkollekte : Sin. Gemeentebediening

Snap here to pay

SnapScan

Bankbesonderhede

NG Kerk PE Hoogland

ABSA

Rek - 1400 149 980

Takkode - 632005

Zapper

Program vir die week

Maandag: 17 Oktober

19:00 Kerkraadsvergadering

Dinsdag: 18 Oktober

14:00 Vroue Bybelstudie

Woensdag: 19 Oktober

08:45 B'fontein Bybelstudie

10:00 Gemeente Bybelstudie

Vrydag: 21 Oktober

05:30 Mannebediening in die GROT

Kom geniet gerus Sondae na die erediens 'n lekker koppie koffie in die Voorhuis! ONTHOU asseblief Hoogland maak staat op u koffie donasies.

Met leedwese ...

... word daar kennis geneem van die afsterwe van Oosie Oosthuizen op 3 Oktober 2022.

As geloofsfamilie bid ons vir Goddelike vertroosting vir Hester en haar kinders in hierdie tyd.

50 Jaar Feesbundels

Daar is slegs 'n paar van die 50 Jaar Feesbundels in die kantoor beskikbaar @ R50 per bundel.

Kontak gerus vir Annalize in die Kerkkantoor as jy belangstel in 'n Feesbundel met Hoogland se storielyn.

" SAVE THIS DATE "

Hoogland Kerssangdienste

Sondag, 20 November

09:00 & 18:30

Bring gerus u vriende & familie saam!

Belydenisaflegging van 2022 Finale Fase Groep

Volgende Sondag, 23 Oktober het die volgende groep jongmense geleentheid om hulle geloof in Jesus Christus te bely: *Tiaan Botes, Bianca Botha, Anri Els, Tiaan Gerber, Keenan Greeff, Stefan Jooste, Armin Neumann, Skye Noack, Daniké Oosthuizen, Abigail Smith, Pieter Snyders, Celine Strydom, Tiaan Strydom, Liam Terblanché, Audrey van Tonder en Tayla Vorster*

Hierdie groep (met een ouer) ontmoet eerskomende Donderdag, 20 Oktober om 17:30 - 18:00 vir oom Leon en Ds Pieter hier by die kerk om deur die verrigtinge te gesels.



Ds Pieter en Oktober se Kankerstrikkie ...

Ds Pieter dra gedurende Oktobermaand 'n pienk strikkie ter ondersteuning van almal wat die stryd teen Borskanker veg ...

Hoewel borskanker by mans ongewoon is, reken die Kankervereniging van Suid-Afrika dit is sekerlik een van die grootste wanopvattings dat mans nié borskanker kan kry nie. Om die waarheid te sê, dié organisasie sê 500 uit elke 1 500 mans wat met borskanker gediagnoseer word, sal nie die siekte oorleef nie.
Borskanker – by vroue en mans – het egter 'n goue rand van hoop en dit kán oor-win word mits dit vinnig genoeg opgespoor word.

Uit die Hart...

Condoleeza Rice, wie George Bush Junior se *National Security Advisor* was, het in 'n pastorie grootgeword. Sy vertel dat alhoewel sy nooit aan die bestaan van God getwyfel het nie, dink sy haar geloof het laagtes en hoogtes gehad.

Toe sy in 1981 die eerste keer na California getrek het om in te skakel by 'n fakulteit te Stanford universiteit, was daar jare wat sy nie gereeld kerk bygewoon het nie. Sy het baie rond gereis.

Een Sondag was sy in die *Lucky Supermark*, nie ver van haar huis nie. Sy sal dit nooit vergeet nie. By die speseryrak het 'n man vir haar gesê dat hy vir sy kerk se piekniek goed aankoop. Hy het uit die bloute gevra: "Speel jy miskien klavier?"
Sy het geantwoord: "Ja"

Hy het gesê dat hulle iemand by sy kerk soek om klavier te speel. Dit was 'n klein swart Baptiste gemeente. So het sy begin om in die kerk te speel.

Sy vertel dat sy nie baie goed *gospel* kon speel nie – sy speel Brahms – en swart predikante sal sommer 'n liedjie begin sing en dan moet die musiekleier inval. Sy het geen idee gehad wat om te doen nie, daarom het sy haar ma gebel want dié het al in 'n Baptiste kerk klavier gespeel.

"Ma," het sy gesê "hulle begin net sing. Wat moet ek maak?"

Sy het geantwoord, "*Honey, play in C and they'll come back to you.*"

Condoleeza het toe gesê: *"And that's true. If you play in C, people will come back. I tell that story because I thought to myself, "My goodness, God has a long reach." I mean, in the Lucky's Supermarket on a Sunday morning. He just plays C and we came back to Him!"*

God speel net in C (***"in Christus"***), en ons sal terugkom na Hom toe. Dis God, Hy skryf Sy nuwe verbond - Jesus Christus - op ons harte...

Ds Pieter

Hoogland sê Dankie!

ONS WAARDEER JOU!

Ds Pieter & die Kerkkantoor

Nooi elke Bedieningsleier MET sy/haar hele bedieningsspan asook elke VRYWILLIGER wat so getrou iewers inspring en help na 'n spesiale

DANKIE Sê OGGEND!

WANNEER
Donderdag, 3 November
om 09:00
in Hoogland se Saal!

RSVP asseblief teen Dinsdag, 1 November by Annalize in die Kerkkantoor of jy die geleentheid sal bywoon!

Hoogland : Geloof deur liefde tot dade

Kom leef jou geloof deur liefde tot dade deur aan te meld by een van die bedienings waar daar hande nodig is asseblief.

Klank & Databediening

Hierdie bediening benodig nog vrywilligers om te help met die lewendige stroming van eredienste. Al die voorbereidings word reeds deur die Eredienskoördineerder gedoen voor die diens. Die span is net verantwoordelik vir die druk van die die regte knoppies. Volledige opleiding sal gegee word. Kontak gerus vir Ds Pieter of Leandra as jy meer wil weet oor hierdie bediening.

Lofkabouters

... benodig HANDE van mammas en/of hoërskool meisies wat op 'n roterende basis Luise kan help met die lesaanbiedings. Gesels gerus met Leandra indien jy by Lofkabouters betrokke wil raak.

Dankoffers opneem

Erediensspan kort hande by die opneem van Dankoffers tydens Eredienste. Elke erediens benodig ten minste 6 vrywilligers as dit kom by die opneem van dankoffers. Dit geskied op 'n roterende basis. Laat weet asseblief vir Leandra as jy bereid is om op hiedie beskeie manier te dien.

Mannebediening

Manne kan gerus Vrydagoggende vanaf 5:30 saamkuier om 'n beker goeie koffie en daarna uit God se Woord. Enige man is baie welkom om saam te kom kuier.

Gebedsbediening

Daar bestaan altyd 'n behoefte aan *saambid* of *voorbidding* ...
Indien jy erns maak met gebed en graag wil leiding neem om 'n Gebeds-netwerk te vestig, kan jy asseblief jou naam aan Leandra deurgee.
Indien jy verder 'n behoefte het aan gebed - laat weet asseblief vir Annalize in die Kerkkantoor. Elke versoek sal hoogs vertroulik hanteer word en Annalize sal dit deurgee na die Gebedsspan om in te tree.